Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **60**

**TYD:** **2 uur**

* 6 A F A L 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (20 ÷ 2) = 10 punte |
| AFDELING B: | TAAL IN KONTEKS | (30 ÷ 2) = 15 punte |
| AFDELING C: | OPSOMMING | (10 ÷ 2) = 5 punte [30 punte] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees elke instruksie by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

5. Nommer elke antwoord presies soos die vrae op die vraestel.

6. Laat ŉ reël oop tussen die antwoorde.

7. Skryf netjies met blou of swart.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## TEKS A: KOERANTARTIKEL

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### DIE UNIEKE EIENSKAPPE VAN WATER

1 Ons besef nie elke dag hoe afhanklik ons van water is nie – en hier praat ons nie net van drinkwater nie. Trouens, alle lewende dinge bestaan hoofsaaklik uit hierdie wondervloeistof.

2 Boonop het water ʼn groot invloed op die weer en klimaat, om nie te praat van hoe dit oor derduisende jare heen groot berge laat verbrokkel en harde gesteentes in grond verander het nie. Ons gebruik drinkwater ook vir kook, was, verhitting, die blus van vure, die behandeling van siektes en op talle ander maniere.

3 Baie meer dinge los op in water as in enige ander bekende vloeistof. Dis juis omdat dit so ʼn goeie oplosmiddel is en ook vuiligheid oplos dat ons dit gebruik om mee te was. In die natuur help minerale wat in water opgelos is om plante en diere (en natuurlik ook die mens) te voed. Sonder hierdie eienskap van water sou lewe, nie moontlik gewees het nie. Water vorm ongeveer 80% van die liggaam van ʼn landplant en ongeveer 60% van die liggaam van die mens. Dit is hierdie water in die liggame van plante wat maak dat die temperatuur van die plant of dier nie te hoog styg as dit warm is of te ver daal as dit koud is nie. Die verdamping van water help plant en dier om hulle liggame af te koel (by diere in die vorm van sweet en by plante in die vorm van vog vanaf die blare).

4 Nog ʼn kenmerk van water is dat dit in ʼn soliede toestand (ys) minder digtheid het as in sy vloeibare vorm. Dit is teenoorgesteld met ander stowwe. Omdat ys ligter as vloeibare water is en daarop dryf, is die aarde ʼn leefbare plek. As ys gesink het, sou ons riviere, mere en die see massiewe ysblokke geword het en sou daar min, indien enige lewe op ons planeet gewees het.

5 Die fisiese kenmerke van water sluit in: reuk, smaak, kleur en deursigtigheid. Dit is die eienskap wat deur ons sintuie bepaal word. Drinkwater moet kleurloos wees, geen reuk en geen vreemde geure hê nie. Die deursigtigheid van water beteken hoe suiwer die water is.

6 Ons land het eenvoudig net nie genoeg water nie, en boonop respekteer ons dit glad nie soos ons behoort te doen nie. Ons elkeen het die verantwoordelikheid om ons hulpbronne nie te besoedel nie en dit vir die nageslag te bewaar.

[Artikel aangepas en geneem uit *Mieliestronk*]

**WOORDVERKLARINGS:**

**verbrokkel** – in klein stukkies breek
**deursigtigheid** – waardeur gesien kan word
**nageslag** – afstammeling
**gesteentes** – klipmassa

**VRAAG 1**

1.1 Haal ’n woord uit die opskrif aan wat sê dat water enig in sy soort is. (1)

1.2 Wat word in paragraaf 1 as ’n wondervloeistof beskryf? (1)

1.3 Noem EEN ding, buiten die weer en klimaat, waarop water ’n groot invloed het. (1)

1.4 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Water kan berge in stukkies breek.
Motiveer jou antwoord met EEN woord uit paragraaf 2. (1)

1.5 Noem enige TWEE alledaagse gebruike van drinkwater. (2)

1.6 Gee ’n woord in paragraaf 2 wat beteken ‘om ’n vuur dood te maak’. (1)

1.7 Watter eienskap van water is die rede waarom ons water gebruik om mee te was? (1)

1.8 Sê of die volgende stelling ’n feit of ’n mening is:

Sonder water is lewe nie moontlik nie. (1)

1.9 Wat is die doel van water in die liggaam van plante en diere? (1)

1.10 Wat is die rede waarom ys op water bly dryf? (1)


1.11 Wat sal die gevolg daarvan wees as riviere, mere en die see groot ysblokke word? (1)

1.12 Wat sou jy sê is die belangrikste kenmerk van drinkwater en waarom? (2)

1.13 Watter verpligting het die mens teenoor sy nageslag? (1)

**TEKS B: GRAFIEK**

Bestudeer die GRAFIEK hieronder en beantwoord die vrae.




1.14 Watter sektor, volgens die grafiek, gebruik die minste water? (1)

1.15 Watter sektor, volgens die grafiek, gebruik die meeste water? (1)

1.16 Gee jou eie voorbeeld van 'n industrie wat water gebruik. (1)

1.17 Gee EEN voorbeeld van 'n huishoudelike gebruik van water. (1)

1.18 Deur wie is die verslag en grafiek opgestel? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

## VRAAG 2

- Bestudeer die TEKSTE.
- Voer die instruksie wat na elke teks volg, uit.
- Opsetlike taalfoute kan voorkom.

### TEKS C: ADVERTENSIE

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae.

**BESPAAR WATER EN WEN**

**DEEL JOU WENKE**

Nelson Mandela Bay en Die Burger loods ’n waterbesparingsprojek.

**Hoe kan jy deelneem?**
(2.1) Neem ’n (**foto)** van die planne wat jy wil maak om water by jou plek te bespaar of te herwin. Stuur dit in en staan ’n kans om ’n (2.2) wenner te wees.

Kontak Pieter Lewis by
Sel 082 444 7431 E-pos (2.3) pieterlewis@dieburger.co,za
Sluitingsdatum (2.4) 2 **Maart** 2017

Daar is ook ’n (2.5) (spesiaal) inskrywing vir ( 2.6) **Graad 9-leerders** van die Oos-Kaap:

Skryf ’n opstel oor EEN van die volgende onderwerpe:
1. Elke (2.7) **druppel** tel
2. Water is lewe

2.1 Kies die KORREKTE SPELLING van die woorde tussen hakies.

Neem twee (fotos / foto’s) en stuur dit aan Pieter. (1)

2.2 Verdeel die onderstreepte woord in LETTERGREPE.

Staan ’n kans om ’n wenner te wees. (1)

2.3 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Pieter Lewis ... die burger.co.za. (1)

2.4 Gee die AFKORTING van Maart in die advertensie. (1)

2.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Daar is ‘n (spesiaal) inskrywing vir leerders. (1)

2.6 Verduidelik die gebruik van die KOPPELTEKEN in die woord.

Graad 9-leerders (1)

2.7 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord.

Elke druppel tel. (1)

2.8 Watter tegniek gebruik die adverteerder om die kop/opskrif van die advertensie te laat uitstaan? Noem EEN. (1)

**TEKS D: KOERANTARTIKEL**

(2.9) Rapport sê: Dag Zero is hier om te bly!

(2.10) Die hele Suid-Afrika stuur op Dag Zero af. Miljoene (2.11) Suid-Afrika ken reeds niks anders as ’n bestaan sonder drinkwater in die huis nie.

Rapport se ondersoek wys dat die (2.12) natjare oral ’n einde nader vir die wat (2.13) gelukkig genoeg was om ’n toilet in hul huis met drinkwater te kon spoel. Die (2.14) (regeer) erken dat almal in die land teen 2030 ’n watertekort van 17% kan verwag.

In Dunoon naby Kaapstad gebruik Plelisa Tafeni (2.15) 20 liter water per dag. (2.16) Sy deel dit met haar man en vyf kinders. (2.17) Hulle gebruik water vir was, kook en skottelgoed. (2.18) Hulle vang reënwater op.

Anders as die mense wat hul water uit krane kry, gaan niks vir die inwoners van Siyahlala verander wanneer Dag Zero aanbreek nie.

(2.19) Toilette word elke dag met drinkwater gespoel. So word drinkwater onnodig gemors. Dag Zero kom, en hy kom vir ons almal. (2.20) Bespaar water.Elke druppel is kosbaar.

[Verwerk en aangepas uit *Rapport,* 28 Januarie 2018]

2.9 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE oor.

Rapport sê: “Dag Zero is hier om te bly.” (1)

2.10 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Die hele Suid-Afrika stuur op Dag Zero af. (1)

2.11 Gee die PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies.

Miljoene (Suid-Afrika) ken reeds niks anders as ’n bestaan sonder skoon drinkwater nie. (1)

2.12 *Rapport se ondersoek wys dat die natjare oral 'n einde nader*.

Kies die korrekte antwoord.

*Natjare* is 'n voorbeeld van ...

A nuutskepping.
B toutologie.
C samestellende afleiding. (1)

2.13 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Hy is (gelukkig) om 'n toilet in die huis te kan hê. (1)

2.14 *Die (regeer) erken dat almal in die land teen 2030* 'n *watertekort van 17% kan verwag*.

Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. (1)

2.15 Verander die stelsin na 'n VRAAG. Die antwoord moet die onderstreepte gedeelte wees.

Plelisa gebruik <u>20 liter</u> water per dag. (1)

2.16 Skryf die volgende sin oor en begin soos aangedui.

*Sy deel dit met haar man en kinders*.

Gister ... (1)

2.17 Herskryf die sin en begin soos aangedui.

Hulle gebruik water vir was, kook en skottelgoedwas.

Hulle behoort ... (1)

2.18 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Hulle vang reënwater op. (1)

2.19 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Toilette word (elke dag) met drinkwater gespoel. (1)

2.20 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Bespaar water. Elke druppel is kosbaar. (omdat) (1)

2.21 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE oor.

Plelisa Tafeni gebruik (in haar huis), (20 liter water), (elke dag). (1)

2.22 Beantwoord die vraag NEGATIEF.

Is almal bekommerd oor Dag Zero? (2)

**TEKS E: PRENT**

Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae.




2.23 Sou jy sê dat die meisie in die prent haar badproses denotatief of konnotatief opneem? Motiveer jou antwoord. (2)

2.24 Gee die Afrikaanse word vir **dove** soos geïllustreer in die prent. (1)

2.25 Kyk na die meisie se gesigsuitdrukking.

Gee EEN woord om haar emosies te beskryf. (1)

2.26 Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.

Die prentjie is (baie snaaks). (1)

2.27 Wat noem ons die vertrek waar sy bad? (1)

2.28 Voltooi die IDIOOM wat by die prentjie hieronder pas.

Dit reën ... en … .



(1)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: OPSOMMING

### VRAAG 3: BESPAAR SO WATER!

Met waterbeperkings wat oral ingestel is, het elke druppel kosbaar geraak.

- Gee SEWE WENKE om water spaarsamig te gebruik.
- Skryf jou SEWE wenke puntsgewys onder mekaar neer.
- Skryf jou SEWE wenke puntsgewys onder mekaar neer.
- Skryf die WENKE in VOLSINNE neer.
- Laat ŉ reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming moet tussen **50–60** woorde wees.
- Dui die KORREKTE GETAL woorde aan die einde van jou opsomming aan.

Wanneer jy tande borsel, kan jy baie water spaar deur die kraan toe te draai. Daarom is dit noodsaaklik om krane toe te draai.

Verseker dat jou krane en toilet nie drup of water lek nie. ’n Druppende kraan kan tot 30 liter water per dag mors.

Wanneer daar gewag word vir die warmwater om uit die kraan te kom, vang die koue water in ’n houer op. Dit kan gebruik wordvir die troeteldiere se drinkwater of om potplante mee nat te maak.

As daar belowende wolke in die lug is, trek emmers nader en plaas dit onder die geute om die reënwater op te vang. Daardie water kan weer later gebruik word om die tuin nat te gooi.

Sit ’n 1 liter-plastiekbottel vol water met ’n bietjie sand onder in die bottel en plaas dit in die spoelbak van die toilet. So gebruik jy minder water as jy die toilet spoel.

Byna almal hou van ’n heerlike stort na ’n lang dag, maar spaar eerder water in hierdie droë seisoen en stort vinnig. Baie water kan so gespaar word.

Gebruik eerder ’n emmer om die motor te was as om die tuinslang te gebruik. Dit is dalk vinniger om die tuinslang te gebruik, maar baie water gaan verlore.

[Bron: Verwerk en aangepas uit Maroela Media online]

**TOTAAL AFDELING C (10 ÷ 2): 5**
**GROOTTOTAAL: 60**

Kopiereg voorbehou